GR. R-2025: AANSOEKPROSES

Dit is belangrik dat u hierdie dokument deeglik lees!

AANSOEKPROSES OPEN: **18 April 2024**

AANSOEKVORMS: **Ook beskikbaar op skool se webtuiste**
www.laerskoolfairland.co.za

NEEM ASB. KENNIS DAT GEEN VORMS VOOR 18 APRIL INGEHANDIG OF PER E-POS GESTUUR MAG WORD NIE!

AANSOEKPROSES SLUIT: **17 Mei 2024**

- Aansoekvorms **MOET VOLLEDIG VOLTOOI** word. **BEIDE ouers** se inligting moet op die aansoekvorm verskyn. Skryf asb. **DUIDELIK**.

- **Die volgende dokumentasie moet die aansoekvorm vergesel:**

  - Afskrif van leerder se geboortesertifikaat
  - Afskrif van leerder se kliniekkaart
  - Bewys van woon- of werksadres (bring slegs bewys wat van toepassing is)
  - Afskrifte van beide ouers se ID-dokumente

  Indien bogenoemde dokumentasie **NIE** u aansoekvorm vergesel nie, het u 1 week kans om dit in te handig. Indien die dokumentasie nie ingehandig word nie, word u aansoek geskrap en moet u die proses van vooraf begin.

Proses

- Die aansoekvorm, met ondersteunende dokumentasie kan óf by die hoofhek in Marketstraat by Bernard ingehandig word óf per e-pos aan karen@laerskoolfairland.co.za gestuur word.
- 'n E-pos sal aan u gestuur word as ontvangserkenning. **LET WEL** – nie noodwendig op dieselfde dag nie – gee asb. paar dae kans.
- Indien u die aansoek per hand inhandig, moet die koevert **DUIDELIK gemerk wees met u kind se naam, van en gr. R-2025**.
- Dokumente moet asb. **nie aanmekaar gekram word nie**.

Ander inligting

- **Hierdie is slegs 'n aansoekvorm en nie die skool se amptelike inskrywingsvorm nie. Inskrywingsvorms sal eers einde Oktober/begin November beskikbaar wees. Ouers sal per e-pos in kennis gestel word wanneer vorms gereed is.**

- **Suksesvolle aansoeke**

  - Ouers sal **ongeveer** een week na sluitingsdatum van aansoekproses, per e-pos in kennis gestel word indien u aansoek suksesvol was.
  - Slegs hierdie ouers sal in Oktober na die inligtingsaand genooi word.
  - Deposito sal betaalbaar wees (bedrag sal later bekend gemaak word). Ons gee geleentheid dat ouers die bedrag oor 3 maande kan afbetaal. Hierdie bedrag is aftrekbaar van skoolgeld vir 2025. Skoolgeld word eers in Oktober 2024 tydens Algemene Ouervergadering vasgestel.
    U is welkom om 'n skriftelike reëling met Karén Reyneke te tref (karen@laerskoolfairland.co.za) indien u sou verlang.

  - **Alle inligting rakende 2025 bv. klasindeling en eerste skooldag sal aan ouers per e-pos gestuur word nie later as 15 Desember 2024 nie.**

  - **Neem asb. kennis dat ALLE korrespondensie per e-pos gedoen word.**

  - **GEEN VERSOEKE VIR PLASING VAN LEERDERS MAG GERIG WORD NIE!**

  - **SLEGS IN GEVAL VAN TWEELINGE / FAMILIE-LEDE WAT VIR DIESELFDE GRAAD AANSOEK GEDOEN HET, MAG 'N VERSOEK VIR APARTE KLASSE OF SAAM IN KLAS PER E-POS AAN ONS GERIG WORD.**

LET WEL: SLEGS GR. 1-LEERDERS DOEN BY DIE GDO AANLYN AANSOEK!

Ons sien daarna uit om van julle te hoor!

Vriendelike groete

KARéN REYNEKE
TOELATINGS

WILLIE GOOSEN
HOOF